DEUR SUZANNE KOTZÉ

JOU WEEKLIKSE INSPIRASIE

Kleur self jou HARE

Neem jou kapsel onder hande met dié nuwe, maklike tuiskleurstelle

1 Voorbereiding

Dra 'n ou T-hemp en hou ou handdoeke byderhand. Toets eers 'n sliert hare agter jou oor om te kyk hoe lank dit duur voor die kleur die regte skakering kry. Smeer Vaseline langs jou haarlyn om te keer dat die kleursel jou vel vlek. Verdeel jou hare in vier seksies, van oor tot oor en voor na agter. Steek die dele waaraan jy nie werk nie vas.

2 Kleuraanwending

Begin by jou agterkop. Wend die produk aan jou hare deur by die wortels te begin. Kam dit na die punte deur. Stapel dan jou hare op jou kop en wag dat die kleur ontwikkel. Moenie die kleursel langer as die aanbevole tyd aanlos nie.

3 Afspoel en nasorg

Wanneer die tyd om is, werk die kleursel deur jou hare en spoel af tot die water helder is. Gebruik 'n opknapper en moet dan vir 24 uur nie jou hare was nie. Kies kleurversterkende sjampoes soos **Sunsilk Lively Blonde, Deeply Brunette** of **Passionately Red** (R16,99 elk). Of, as jy blond is, **Pantene Blonde Expressions Colour Intensive Treatments Shimmering Satin Blonde** (R34,99). Vermy skilfersjampoes met sink-piritioon. **Wella Professional** se **Sensitive Scalp**-reeks is 'n goeie skilfer-keuse.

FOTO: JACQUES STANDER; HARE EN GRIMERING: FABIENNE ZADEL; MODEL: KELLY VAN Y MODELS; TRUI: INDIA JANE

WENK: TOETS ALTYD JOU VEL 48 UUR VOOR JY KLEURSEL AANWEND, AL HET JY NOG NIE VOORHEEN 'N ALLERGIESE REAKSIE OP HAARKLEURMIDDELS GEHAD NIE.

Hoe kies ek die regte kleur?

Christophe Robin, kreatiewe kleurder vir L'Oréal Paris, gee sy kennersraad.

- Kies altyd 'n kleur wat by jou pas eerder as die jongste modekleure. Kies 'n kleur wat 'n skakering ligter of donkerder as jou natuurlike kleur is.
- **'n Suksesvolle haarkleur is een wat jou oë en vel beklemtoon en jou haartekstuur verbeter.**
- As jy bruin oë het, kies 'n haarkleur wat 'n skakering donkerder is as jou oogkleur. Dit sal jou oë ophelder.
- **As jou vel neig tot rooiheid, vermy oordrewe rooi of koper ligstrepe. Kies koeler skakerings van as of beige om die vel se rooiheid uit te balanseer.**
- As jou hare baie dun is, sal 'n paar ligstrepies op strategiese plekke dit dikker laat lyk.
- **Ligte hare pas nie juis by 'n donker vel nie.**
- Rooi ligstrepe pas nie by 'n rooierige gelaat nie.
- **Ligte hare werk nie goed saam met donker oë nie.**
- Die produk wat jy kies, moet jou hare met diep, voedende sorg beskerm. Kleur kan nie pragtig wees as hare nie gesond is nie.

KIES

L'Oréal Paris Casting Crème Gloss (R95) is 'n opknappende kleur sonder ammoniak. Dit verleen sigbare glansskakerings wat tot 28 haarwasse kan oorleef.

Herbatint Permanent Herbal Haircolour Gel (R110), 'n natuurlike haarkleursel, word nie op diere getoets nie en in bioafbreekbare, herwinbare houers verpak. Herbatint bedek grys

met een aanwending. Omdat dit geen ammoniak, resorsinol of parabeen bevat nie, is dit sagwerkend. Dit kos R110 by uitgesoekte gesondheidswinkels. Bel 011-483-1916 vir jou naaste handelaar.

Die Wella Viva Collection (R55,99) verleen wonderlike kleur en intense glans. Dis te kry in Deep Black, Rich Brown, Warm Red, Pre Red en Sunn Blonde Collection. Dit het ook ingeboude kleurbeskerming.

Wella Viva Pure Blonde Easy Highlights (R64,99) is te kry in Rich Copper, Cool Blonde of Golden Blonde. As jou hare in lae gesny is, moet jy die boonste laag van jou hare op jou kop vassteek. Wend dan die ligstrepies eers aan die onderste en dan aan die boonste laag. As jy dink jy het te veel kleur aangewend, vee die seksie hare met 'n klam papierhanddoek af en wend weer aan.

Gebruik **Nice 'n Easy Root Touch-up** (R64,99) op jou wortels tussen kleuraanwendings. Moenie bekommerd wees as jy jou hare met 'n ander handelsnaam gekleur het nie – dié oulike produk is met ander handelsmerke versoenbaar.